

# NATUURWETENSKAP GRAAD 4

## DIE WATERSIKLUS

**11–15  
MEI**

Uitdruk van die werkkaart is opsioneel. Werkkaart moet op addisionele A4-lyntjies papier gedoen en gebêre word. SLEGS die antwoorde is nodig.

**MOET DIT ASB. NIE IN JOU NW SKOOLWERKBOEK DOEN NIE!**

**Bl.  
66**



**\*Bl. 58**

KAN JY ONTHOU WAT BETEKEN DIE VOLGENDE WOORDE:

VERDAMPING, KONDENSASIE, BEVRIESING + SMELTING?

Nadat jy bl. 58 + 66 mooi deurgelees het, kyk na die volgende video om jou te help om die watersiklus beter te verstaan.

<https://www.youtube.com/watch?v=s0bS-SBAGJI&t=29s>

1. Skryf 'n volledige definisie van WATERSIKLUS neer.

---

---

---

2. Maak gebruik van die diagram op bladsy 66 van die watersiklus om die volgende vrae te beantwoord.

a) Waar kom die hitte vandaan wat die water uit die see en riviere laat verdamp?

---

b) Waarheen gaan die verdamppte water?

---

c) Wat gebeur met die waterdamp wanneer dit kondenseer?


---

d) Hoe kom die verdamppte water weer op die Aarde terug in die watersiklus?

---

3. Skryf op die diagram waar hierdie toestandsveranderinge plaasvind.

kondensasie                      smelt                      verdamping                      bevriesing



4. Gebruik die woorde hieronder om die sinne te voltooi.

water    waterdamp    hael    kondenseer    verdamp    sneeu    wolke    reën

- a) Water op die oppervlak van die Aarde \_\_\_\_\_ en beweeg as \_\_\_\_\_ in die lug op.
- b) Die waterdamp koel af en \_\_\_\_\_ soos dit in die lug opstyg.
- c) Druppels water hoog in die lug vorm \_\_\_\_\_.
- d) Druppels water val terug Aarde toe as \_\_\_\_\_.
- e) Water in wolke vries en val as \_\_\_\_\_ of \_\_\_\_\_ terug Aarde toe.
- f) Reën, sneeu en hael bring \_\_\_\_\_ na die Aarde se oppervlak terug.